

**Donderdag 26 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1-12**

**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:6-8**

## Fokus!

Die wederkoms van Christus, as die groot ligpunt vir die toekoms, kry vooraf eers 'n baie donker kol. Die optrede en invloed van die wettelose. Voor die wederkoms kom die wettelose mens. Wie is dit? 'n Antichristelike figuur wat in die eerste brief van Johannes die Antichris genoem word.

Die term kan individueel verstaan word: 'n persoon. Op die vooraand van die Nuwe Testament was hy in die persoon van Antiochus Epifanes, wat 'n heidenaltaar in die tempel opgerig het. Dan praat die Bybel baie insluitend. In die briewe van Paulus word die "broers" telkens aangespreek, maar die susters en kinders is daarby ingesluit. Daarom kan hierdie wettelose mense meer mense insluit: 'n stroming wat in mense se doen en late na vore kom. Die kenmerkende van hierdie wettelose is die arrogansie, in die verset teen God en alles wat heilig is. Só ver gaan die arrogansie dat die wettelose homself as God aan-dien.

Nou sê die Heilige Gees deur Paulus: dis al herhaaldelik vir hulle vertel (:5). Sien dus raak wat in die kerk aan die gebeur is. Al hoe meer tree daar 'n minagting vir God na vore, al hoe minder toewyding aan God. Al hoe meer 'n eiewilligheid, 'n verwaandheid, asof die mens eintlik sy eie god kan wees. Dis die besmettende invloed van die sonde.

Maar belangrik: Die wettelose is vir die verderf bestem (:3). Die Here Jesus sal hom verdelg en vernietig (:8). Hy wat jou verlos het, wat jou tot sy eiendom losgekoop het, se mag is onmeetbaar groter as die mag of invloed van die wettelose. Hy hoef immers net sy asem te blaas, en weg is die wettelose. Hy moet net verskyn, en sy koningsglans vernietig die wettelose.

Fokus jy op die Here Jesus. Ja, die wetteloosheid mag jou benoud maak. Maar Jesus oorwin, omdat Hy reeds die sonde en dood oorwin het.

*Sing: Psalm 1-1:1, 4*

*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*